



## ST. MICHELINA

20 JUNIE

(1300-1356)

Sy is in Pesaro, Italië, gebore. Haar familie was ryk en as kind kon sy alles kry wat haar hart begeer. Soos gebruiklik destyds is sy op jeugdige ouderdom getroud met 'n jongman en aangesien hulle genoeg geld gehad het kon hulle 'n sorgvrye bestaan voer. Dit alles eindig toe haar man skielik sterf en sy as 20-jarige weduwee met 'n seuntjie agtergelaat is. Eers het sy haar hartseer probeer vergeet deur 'n besige sosiale lewe, maar later het sy haarself onder die geestelike begeleiding van 'n bejaarde leke Franciskaan geplaas en begin om 'n intense gebedslewe te ontwikkel. Nou eers het haar lewe vir haar betekenis gekry. Sy raak ontslae van alle luukshede en maak van haar woning 'n gebedshuis. Ná haar dood is haar huis in 'n kerk omskep.